

MENSEREGTEKOMITEE (MRK)

Die verantwoordelikhede van die MRK in die uitvoering van sy take is soos volg:

- om 'n voorspraakrol ten opsigte van menseregte en maatskaplike geregtigheid aan die NWU te vervul;
- om as 'n onafhanklike punt van verslae oor beweerde skendings van menseregte te dien, en om sodanige sake óf na die Werknemerverhoudingsdepartement (wanneer beweerde skendings werknemers betrek), óf na die Studenteregsdepartement (wanneer beweerde skendings studente betrek) te verwys;
- om gereelde verslae van die Werknemerverhoudingsdepartement en van die Studenteregsdepartement te ontvang oor menseregteverwante sake wat hierdie departemente hanteer;
- om alle tersaaklike strukture aan die NWU te adviseer oor sake wat met die bevordering van 'n kultuur van menseregte, die nakoming, betoon van respek teenoor en beskerming daarvan verband hou;
- om die nakoming van menseregte in die universiteitsgemeenskap te moniteer en evalueer; en
- om aanbevelings oor die bevordering van menseregte binne die raamwerk van tersaaklike wette en nasionale voorskrifte aan die NWU Raad te maak.